# HOOFSTUK 5

# ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Statistiek dui daarop dat maatskaplikedienslewering aan kinders jaarliks toeneem. Kinders word hoofsaaklik by terapeute aangemeld as gevolg van traumabelewing. Trauma kan deur verskeie situasies of gebeure veroorsaak word. Vir die doel van hierdie ondersoek is misbruik, mishandeling en verwaarlosing as trauma beskou. Kinders beleef al hoe meer angs en onsekerheid as gevolg van omgewingsdruk. Wanneer die kind by die statutêre proses betrokke is, kan hierdie angs en onsekerheid verhoog word as gevolg van die bedreigende wyse waarop met die kind gehandel word. Druk word op maatskaplike werkers en ander terapeute geplaas om besluite ten opsigte van kinders se statutêre posisie te neem. Inligting ten opsigte van wat met die kind gebeur en hoe hy die situasie beleef, moet bekom word. Deur die kind te assesseer kan die maatskaplike werker inligting bekom wat haar in staat kan stel om hierdie besluite te neem. Praktykervaring toon egter dat terapeute nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om assesserings te doen nie.

Tydens hierdie navorsing is sowel die behoeftes wat maatskaplike werkers het ten opsigte van assessering as die leemtes wat bestaande assesseringsriglyne het, ondersoek. Die navorser het ook die Gestaltterapeutiese benadering tydens die literatuurstudie bestudeer en die benuttingswaarde van die benadering as 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering ondersoek.

- In Hoofstuk 1 is ‘n algemene oriëntering ten opsigte van die ondersoek bespreek. Probleemformulering is gedoen en die doel van die ondersoek is gestel en die navorsingsproses is uiteengesit.
- Hoofstuk 2 is ‘n literatuurondersoek gedoen met betrekking tot assessering, die kind en die statutêre proses.
- In Hoofstuk 3 is Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering ondersoek.
- Empiriese gegewens soos verkry vanuit die navorsingsondersoek is in Hoofstuk 4 weergegee.
- In hierdie hoofstuk word daar ‘n samevatting van elke hoofstuk gedoen, gevolgtrekkings waartoe gekom word, word bespreek en aanbevelings wat uit die navorsing voortvloei, word weergegee. Die vooropgestelde doel en doelwitte van die studie word getoets en ‘n hipotese word geformuleer.

## 5.2 HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIENTËRING

### 5.2.1 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die motivering vir die studie verduidelik. Die navorsingsmetodologie is uiteengesit en die verloop van die navorsingsondersoek is verduidelik. Die volgende aspekte is bespreek:

- **Inleiding** waarin 'n oorsig gegee is van die noodsaaklikheid van assessering van die kind in die statutêre proses. Die rol van die terapeut tydens assessering is beklemtoon.
- **Motivering** van die ondersoek: Bepaalde tendense in die praktyk het die navorser bewus gemaak van 'n aanvraag na assessering en 'n uitbreiding van bestaande assesseringsriglyne.
  - Vergelykende statistiek van 2001 tot 2004 het aangedui dat maatskaplikedienslewering aan kinders toeneem.
  - Tydens enige handelinge met die kind moet die beste belang van die kind voorop gestel word.
  - Assessering moet gerugsteun word deur 'n teoretiese verwysingsraamwerk. Sodoende kan begrippe, konsepte en optrede teoreties verantwoord word.
  - Praktykervaring het aangetoon dat maatskaplike werkers bepaalde behoeftes ten opsigte van assessering het.
- **Probleemformulering:**
  - Alhoewel daar assesseringsriglyne bestaan, word dit nie ten volle deur maatskaplike werkers benut nie. Dit kan wees weens leemtes wat in die riglyne bestaan of as gevolg van die maatskaplike werkers se gebrek aan kennis en vaardigheid, of as gevolg van 'n kombinasie van bogenoemde.
  - Die feit dat bestaande assesseringsriglyne binne die statutêre proses nie deur 'n bepaalde teoretiese benadering ondersteun word nie, beperk die benuttingswaarde van die riglyne.
- **Die doel van die studie:** Om die moontlike leemtes wat in bestaande assesseringsriglyne is, asook die behoeftes wat by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering bestaan, as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede, vas te stel. Om daardeur vanuit die Gestaltterapie 'n raamwerk vir 'n assesseringsriglyn vir die kind in die statutêre proses voor te stel.
- **Die navorsingsvraag:** Die navorser het met hierdie ondersoek "watter"-vrae beantwoord:
  - Watter leemtes is daar in bestaande assesseringsriglyne en watter behoeftes ondervind maat-skaplike werkers ten opsigte van assessering?

- In watter mate bied Gestaltterapie 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir 'n assesseringsriglyn?

- **Navorsingsbenadering:** Die doel van die ondersoek is bereik deur hoofsaaklik van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik te maak wat deur kwantitatiewe data ondersteun is. Vraelyste is 'n kwantitatiewe metode van data-insameling en is tydens die ondersoek gebruik om die kwalitatiewe data te ondersteun. Die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologie word triangulasie genoem. Toegepaste navorsing is gebruik omdat aan 'n praktiese probleem aandag gegee is, naamlik behoeftes en leemtes ten opsigte van assessering. Hierdie ondersoek is gedoen omdat daar min kennis rondom die leemtes en behoeftes van maatskaplike werkers in die praktyk ten opsigte van assessering bestaan, en dit kan as verkennende of ondersoekende navorsing beskryf word. Die navorsingstrategie wat gevolg is, is gegronde teorie aangesien daar vanuit 'n reeds bestaande teoretiese raamwerk gewerk is. Die Gestaltteorie is veralgemeen eerder as getoets.

  Inligting is eerstens ingewin deur 'n literatuurstudie waartydens assessering, die kind, die statutêre proses en Gestaltterapie bestudeer is. Daarna is 'n gestruktureerde vraelys ingevul deur die maatskaplike werkers van die SAVF wat statutêre diens lewer, en 'n semi-gestruktureerde fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers asook twee semi-gestruktureerde onderhoude met rolspelers in die statutêre proses is gehou.

- 'n **Voorondersoek** het die navorsingsproses voorafgegaan. Tydens die voorondersoek is 'n literatuurstudie gedoen, gesprekke met kundiges gevoer en die vraelys en onderhouds- en fokusgroepriglyn is getoets. Die universum was al die maatskaplike werkers in Suid-Afrika en die populasie was maatskaplike werkers in diens van die SAVF. Vir die steekproef het al die maatskaplike werkers in diens van die SAVF wat statutêre diens lewer as steekproef gedien. Die statutêre maatskaplike werkers in die Limpopo-Provinsie het as steekproef vir die fokusgroepbespreking gedien. Met 'n doelgerigte steekproef is twee rolspelers binne die statutêre proses geïdentifiseer, met wie 'n onderhoud gevoer is.

- **Etiese aspekte:** Etiese aspekte is omskryf sodat inligting nie ten koste van die persoon bekom word nie.

- Die volgende **hoofkonsepte** is geïdentifiseer en gedefinieer: assessering, riglyn, die kind, die statutêre proses en Gestaltterapieteorie.

- Die **indeling van die navorsingsverslag** is bepaal as 'n algemene oriëntering, die literatuurstudie, Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering, die empiriese navorsing en algemene gevolgtrekkings en aanbevelings.

- **Na afloop van die navorsingsproses en verwerking van data kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat, aangesien 'n groot komponent van die data in kwantitatiewe formaat (persentasies) uitgedruk en saamgevat kon word, dit ook geïnterpreteer kan word as 'n kwantitatiewe ondersoek gerugsteun deur kwalitatiewe data. Die verkennende ontwerp, met veldopname as metode van data insameling, sal dus ook van toepassing kon wees.**

### 5.2.2 GEVOLGTREKKINGS

- Statistiek dui daarop dat maatskaplike dienslewering aan kinders toeneem. Hierdie feit bring mee dat daar 'n toename in statutêre ondersoeke is.
- Statistiek van een organisasie is gebruik aangesien organisasies op verskillende wyses statistiek hou. Statistiek is nie so geredelik beskikbaar nie.
- Die druk op maatskaplike werkers neem toe omdat al hoe meer assesserings gedoen moet word, om inligting te kry en te kontroleer.
- Maatskaplike werkers beskik nie oor die vermoë en vaardighede om die kind in die statutêre proses te assesseer nie.
- Alhoewel die Grondwet die beste belang van die kind vooropstel, gebeur dit in die praktyk dat kinders tydens die statutêre proses te na gekom word, aangesien die sisteem en wetgewing tans gerig is op maatskaplike ontwikkeling.
- Bestaande assesseringsriglyne het bepaalde leemtes. 'n Behoefte bestaan aan 'n verbruikersvriendelike assesseringsriglyn wat die maatskaplike werker in staat sal stel om op 'n verantwoordbare wyse in die hof as getuie op te tree.
- As gevolg van 'n gebrek aan 'n teoretiese verwysingsraamwerk by bestaande assesseringsriglyne, word die kind tydens die statutêre proses benadeel.
- Die kombinasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenaderings het bepaalde voordele ingehou, naamlik om die omvang van spesifieke behoeftes en leemtes ten opsigte van assessering vas te stel.
- 'n Moontlike nadeel van díe kombinasie is egter dat daar nie altyd met sekerheid vooraf bepaal kan word watter data die dominante gaan wees nie.
- Die verkennende navorsingsontwerp is aangevul met 'n beskrywende ontwerp. Hierdeur was die navorser in staat om 'n ryk en gedetailleerde beskrywing van die werklikheid te gee.
- Die steekproef wat vir die vraelys gebruik is, naamlik die statutêre maatskaplike werkers in diens van die SAVF, het die ondersoek beperk. Slegs die mening van persone wat in dieselfde organi-

sasie werksaam is, is verkry en kan nie as verteenwoordigend van die universum beskou word nie.

- Slegs twee rolspelers in die statutêre proses is as steekproef gebruik. Dit was ‘n baie beperkte steekproef en slegs die respondente se persoonlike menings is verkry. Hierdie was ‘n baie beperkte steekproef en is respondente se persoonlike menings verkry die response kan dus nie veralgemeen word nie.

5.2.3 AANBEVELINGS

- Maatskaplike werkers moet akademies en emosioneel beter toegerus word om aan die eise van die praktyk te voldoen. Opleidingsinstansies behoort teoretiese opleiding in lyn te bring met praktykeise.
- Organisasies behoort aandag te gee aan intensiewe indiensopleiding wat ‘n supervisieprogram en werkswinkels insluit.
- Gestandariseerde assesseringsriglyne wat in die praktyk getoets is, behoort deur organisasies en selfs nasionaal tot die beskikking van maatskaplike werkers gestel te word.
- ‘n Meer omvattende ondersoek waar daar van proefpersone gebruik gemaak word wat verskillende organisasies en dissiplines binne die welsynsveld verteenwoordig, sal ‘n meer verteenwoordigende mening verskaf.
- ‘n Vergelykende ondersoek tussen verskillende provinsies sou ‘n meer volledige beeld gee van behoeftes van maatskaplike werkers ten opsigte van assessering.

## 5.3 HOOFSTUK 2: ASSESSERING VAN DIE KIND IN DIE STATUTÊRE PROSES

5.3.1 SAMEVATTING

In Hoofstuk 2 is ‘n algemene oorsig gegee oor assessering van die kind binne die statutêre proses. Die volgende aspekte is bespreek:

- Omskrywing van die begrip assessering.
- Die geskiedenis van assessering: Assessering is so vroeg soos 1917 omskryf as deel van die maatskaplikewerkpraktyk. dit is egter nie ‘n statiese komponent nie en het oor die jare verander en relevant gebly.
- Assessering word in twee tipes onderskei, naamlik kliniese en forensiese assessering.

- Die assesseringsproses word deur die doel van die ondersoek bepaal. Die maatskaplike werker moet in staat wees om met sy unieke vermoëns die wetenskaplike inligting in te samel en te verwerk.
- Verskillende metodes word tydens die assesseringsproses gebruik, onder meer waarneming van gedrag, diagramme, skale, rekenaar en klassifikasie, onderhoudvoering en spelterapie.
- Assessering as deel van Gestaltterapie en spelterapietegnieke is bespreek.
- Tydens assessering is die kind die kliënt van die terapeut. Die ontwikkelingsvlak van die kind beïnvloed die wyse waarop hy reageer op trauma asook die bekendmaking van mishandeling.
- Die statutêre proses is daargestel om die kind te beskerm. Die belangrikste rol van die maatskaplik werker tydens die statutêre proses is dié van deskundige getuie.

### 5.3.2 GEVOLGTREKKINGS

- Baie min literatuur is in Suid-Afrika en internasionaal ten opsigte van assessering beskikbaar. In die literatuur is daar 'n verwysing na assessering en die belangrikheid daarvan sonder indieptebespreking.
- Soos tydens navorsing begin assessering met 'n hipotese of 'n navorsingsvraag wat die terapeut ten opsigte van die kind maak. Hierdie hipotese moet deur inligting wat ingesamel word, getoets word, sodat daar tot 'n intervensieplan gekom kan word.
- Assessering word beïnvloed deur behoeftes van die kliënt, wetgewing en die gebeure in die assesseringsproses. Deur die jare is assessering deur verskillende teoretiese benaderings gerugsteun. Assessering is nie 'n statiese komponent nie en het oor die jare verander en relevant gebly.
- Kliniese assessering is 'n proses waar die impak van kindermishandeling en misbruik op die kind vasgestel word en inligting word op 'n nie-bedreigende wyse ingesamel. Hierteenoor is forensiese assessering gerig op die verkryging van presiese inligting ten opsigte van seksuele misbruik en mishandeling. Hierdie tipe assessering word op 'n objektiewe wyse gedoen en kan baie traumaties vir die kind wees.
- Assessering word vanuit 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gedoen en assessering het 'n plek binne Gestaltterapie. Die assesseringsproses begin wanneer die terapeut die eerste keer kontak met die kind maak en inligting ten opsigte van die kind begin insamel.
- Die mees gebruike assesseringsmodel in Suid-Afrika is die RP-model. Die model is ontwikkel as gevolg van spesifieke behoeftes binne die praktyk en maak onder meer gebruik van spelterapietegnieke.

- Die kind as die kliënt verskil van die volwassene as kliënt en stel spesifieke eise aan die terapeut.
- 'n Verskeidenheid van literatuur ten opsigte van die kind se ontwikkelingsfases en die wyse waarop trauma binne 'n bepaalde fase hanteer word, is in Suid-Afrika, internasionaal en elektronies beskikbaar.
- Beweerde sorgbehoewendheid en seksuele misbruik is twee situasies waartydens assessering van belang is. Hierdie situasies ontstaan hoofsaaklik as gevolg van geweld teenoor kinders. Die terapeut het 'n rol te speel in die verbreking van die siklus van geweld deur trauma reg te identifiseer in die assessering, om sodoende sinvolle intervensie te doen en die trauma te versag.
- Baie min literatuur is in Suid-Afrika beskikbaar ten opsigte van die kind binne die statutêre proses.
- Die noodsaak vir die assessering van die kind in die statutêre proses word beklemtoon deur die feit dat dié assessering die basis van die getuienis van die terapeut vorm. Dit is duidelik dat die insameling van inligting op 'n spesifieke teoretiese verwysingsraamwerk gegrond moet wees. Die terapeut moet as deskundige getuie in staat wees om feite met literatuur te verifieer. Die verslag moet aan die hof voorgehou word op so 'n wyse dat die hof in die beste belang van die kind sal optree.

### 5.3.3 AANBEVELINGS

- Indiepte-navorsing ten opsigte van assessering is nodig sodat relevante literatuur beskikbaar kan wees vir opleiding.
- Opleidingsinstansies behoort in die opleiding van maatskaplike werkers assessering meer te beklemtoon as deel van die maatskaplikewerkproses.
- Maatskaplike werkers wat met kinders werk, moet oor 'n voldoende kennisbasis ten opsigte van kinders beskik.
- Maatskaplike werkers moet spesifiek opgelei word ten opsigte van hofwerk. Alhoewel maatskaplike werkers as deskundige getuies in die hof beskou word, is hulle nie altyd in staat om getuienis op 'n verantwoordbare wyse te lewer nie. Opleiding in dié verband sal nie alleen die maatskaplike werker bemagtig nie, maar ook tot voordeel van die kind wees.
- Daar bestaan nie 'n nasionale protokol hoe met kinders in die statutêre proses gehandel moet word nie. Dit sou in die kind se beste belang wees indien die rol van verskillende rolspelers binne die statutêre proses uitgespel word en 'n vaste prosedure daargestel word hoe daar met getraumatiseerde kinders gehandel moet word.

## 5.4 HOOFSTUK 3: GESTALTTERAPIE AS TEORETIESE VERWYSINGSRAAMWERK VIR ASSESSERING

### 5.4.1 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie ten opsigte van Gestaltterapieteorie gedoen om vas te stel of dit tydens assessering toepaslik is.

- Gestaltterapie lê klem op die interaksie tussen die kind en sy omgewing.
- Gestaltterapie is gebaseer op die veldteorie. In dié teorie is die veld die konteks waarbinne die kind funksioneer.
- Die kind is deur kontak in interaksie met sy omgewing.
- Binne Gestaltterapie is die terapeutiese verhouding uiters belangrik.
- Die Schoemanmodel, 'n spelterapiemodel wat Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk gebruik, kan met gemak tydens assessering toegepas word.

### 5.4.2 GEVOLGTREKKINGS

- 'n Voorvereiste vir effektiewe terapeutiese betrokkenheid en terapeutiese groei is die feit dat die terapie in 'n teoretiese verwysingsraamwerk geanker moet wees, sodat die terapeutiese veranderingsproses gekonseptualiseer kan word.
- Gestaltterapie het ten doel die verhoging van die kind se bewussynsvlak en integrasie van ontbrekende dele sodat hy tot balans kan kom en selfondersteunend kan funksioneer. Die doel van Gestaltterapie sluit aan by die doel van assessering, waartydens die kind bewus van homself en sy leefwêreld moet raak.
- Die getraumatiseerde kind vind balans deur onvanpaste gedrag en word dikwels aangemeld weens ander redes as die ware probleem. Die kind moet daarom geassesseer word sodat die ware probleem vasgestel kan word.
- Die kind is net bereid om inligting te deel met iemand wat hy vertrou en wat hom aanvaar sonder oordeel. Slegs wanneer daar 'n I-Thou-verhouding tussen die terapeut en die kind bestaan, sal die kind op 'n sinvolle wyse met die terapeut kontak maak.
- Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Gestaltterapie 'n teoretiese vewysingsraamwerk vir assessering kan bied.

### 5.4.3 AANBEVELINGS

- Alle maatskaplike werkers in diens van die SAVF wat statutêre diens lewer moet opleiding ontvang tydens indiensopleiding, wat aangebied word deur gekwalifiseerde Gestaltspelterapeute, in die toepassing en integrering van Gestaltterapie in assessering.
- Alle maatskaplike werkers in diens van die SAVF wat met kinders werk moet opgelei word, deur gekwalifiseerde Gestaltspelterapeute in die gebruik van Gestaltspelterapie tegnieke.

## 5.5 HOOFSTUK 4: EMPIRIESE GEGEWENS

### 5.5.1 SAMEVATTING

- Tydens die ondersoek is daar van sowel kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes van data-insameling gebruik gemaak.
- 'n Gestruktureerde vraelys is benut wat sowel oop as geslote vrae bevat (vgl. Bylae 4). Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe inligting is hierdeur verkry.
- Die vraelyste is aan 28 SAVF- maatskaplikedienskantore in die provinsies Gauteng, Limpopo, Mapumalanga en Kwazulu-Natal gestuur. Drie kantore (Coligny, Delareyville en Middelburg) was vakant ten tye van die ondersoek. Die gebruikte 28 kantore word deur 52 maatskaplike werkers bedien. Van hierdié getal is tien werkers nie betrokke by statutêre werk nie, of die poste was vakant tydens die ondersoek . Die totale populasie wat by die ondersoek betrek is, is dus 43 maatskaplike werkers. Een en veertig vraelyste is terug ontvang, wat beteken dat daar 'n 97.6%-respons was.
- Data is ingewin deur een semi-gestruktureerde fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers (vgl. Bylae 5). Lede van die fokusgroep is geselekteer op grond van 'n doelgerigte steekproef volgens kriteria soos deur die navorser self bepaal, Die fokusgroepbespreking het die vraelys opgevolg en kon dus nie die beantwoording van die vraelys beïnvloed nie. Die fokusgroepbespreking het as verheldering van die vraelys gedien.
- 'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule met oop vrae is tydens twee onderhoude benut (Vgl. Bylae 6). Hierdie vrae is slegs as 'n riglyn vir die onderhoude benut . Deur die onderhoude is kwalitatiewe inligting van deskundiges binne die statutêre proses verkry.

### 5.5.2 GEVOLGTREKKINGS

- Vanuit die vraelys het dit duidelik na vore gekom dat assessering as 'n noodsaaklike komponent tydens die statutêre proses beskou word. Assessering word veral as noodsaaklik beskou tydens beweerde seksuele mishandeling.
- Maatskaplike werkers is besorg oor die assessering van kinders wanneer daar seksuele mishandeling vermoed word. Praktykervaring het egter bewys dat die mislukkingsyfer baie hoog is tydens terugplasing by die ouers, veiligheidsplekplasing en pleegsorgplasing, en verandering van statutêre posisie. Die reaksie van respondente toon 'n korrelasie tussen die mislukking van plasing en die feit dat assessering tydens hierdie plasings nie as noodsaaklik beskou word nie. Seksuele misbruik is 'n baie sensitiewe bewering om te ondersoek, dit is ook moeilik om te bewys.
- Assessering word deur die meeste respondente as 'n proses van inligtinginsameling gesien.
- Spelterapietegnieke word hoofsaaklik as metode van assessering gebruik.
- Die grootste leemte wat in assesseringsriglyne geïdentifiseer is, is die feit dat die assessering nie gewig in die hof dra nie. Dikwels word tydens assessering van aannames, afleidings en gevolgtrekkings gebruik gemaak.
- Maatskaplike werkers het 'n behoefte om opgelei te word om assessering te kan doen.
- Uit die reaksie van respondente is dit duidelik dat maatskaplike werkers nie altyd weet vanuit watter teoretiese verwysingsraamwerk gewerk word nie.
- Maatskaplike werkers ken nie die verskil tussen, teorie, benadering, intervensiestrategie en riglyn of model nie.
- Indien maatskaplike werkers nie weet vanuit watter teoretiese verwysingsraamwerk gewerk word nie, is dit nie moontlik om hulle self teoreties in die hof te verantwoord nie.
- Maatskaplike werkers is van mening dat assessering 'n doel op sigself is, en word dit nie gesien as die begin van die hulpverleningsproses nie. Assessering word as 'n gesogte vaardigheid beskou.
- Aangesien assessering nie as die begin van die hulpverleningsproses beskou word nie word assessering nie noodwendig opgevolg deur terapie nie. Die kind word met onverwerkte gevoelens gelaat wat tydens die assessering na vore gekom het.
- Tydens onderhoude met rolspelers in die statutêre proses het dit duidelik geword dat die verskillende rolspelers verskillende behoeftes en verwagtings het ten opsigte van assessering.

### 5.5.3 AANBEVELINGS

- Alle kinders wat by statutêre ondersoeke betrokke is moet geassesseer word en assessering moet deur terapie opgevolg word.
- Korrekte besluite ten opsigte van die kind kan alleen gemaak word indien 'n deeglike assessering gedoen is.
- Assessering moet ter alle tye as die begin van die hulpverleningsproses gesien word.
- Maatskaplike werkers in die praktyk moet as deel van voortgesette opleiding in spelterapie deur opgeleide spelterapeute opgelei word.
- Maatskaplike werkers moet voorgraads vanuit 'n bepaalde teoretiese benadering opgelei word. Soos maatskaplike werkers professioneel en akademies ontwikkel kan ander benaderings bestudeer word.
- Gestaltterapie bied 'n sinvolle teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering en kan dien as wetenskaplike fundering van optrede van maatskaplike werkers tydens die statutêre proses, dien.
- 'n Riglyn vir assessering gegrond op die voorgestelde raamwerk (Bylaag 7) moet ontwikkel word vir benutting van statutêre maatskaplike werkers in praktyk en maatskaplike werkers in die gebruik moet daarvoor opgelei word.
- Aangesien spelterapie 'n spesialiteitsgebied binne maatskaplike werk is, en al meer maatskaplike werkers hierin opgelei word, sal spesifieke eise ten opsigte van supervisie gestel word. Daar word dus aanbeveel dat 'n supervisiemodel vanuit die Gestaltterapie ontwikkel en getoets word, met supervisie aan spelterapeute ten doel.
- Supervisie aan maatskaplike werkers wat assessering doen is noodsaaklik om die nodige professionele ondersteuning en opleiding te bied.

## 5.6 TOETSING VAN DIE DOEL EN DOELWITTE

### 5.6.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

**Om die moontlike leemtes wat in bestaande assesseringsriglyne is, asook die behoeftes wat by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering bestaan, as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede, vas te stel. Om daardeur vanuit die Gestaltterapie 'n raamwerk vir 'n assesseringsriglyn vir die kind in die statutêre proses voor te stel.**

Die doel van die ondersoek is bereik. Voldoende inligting is deur die navorsingsondersoek ingesamel om die behoeftes en leemtes ten opsigte van assessering te identifiseer. Dit blyk dat Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering kan dien om hierdie behoeftes en leemtes aan te spreek. Die voorgestelde raamwerk vir 'n riglyn word aangeheg as Bylae 7.

5.6.2 DOELWITTE

**Doelwit 1:**

**Om deur middel van 'n volledige literatuurstudie ten opsigte van assessering, die kind, en die statutêre proses 'n kennisbasis ten opsigte van assessering daar te stel.**

Hierdie doelwit is bereik deurdat volledige ondersoek gedoen is ten opsigte van assessering, die kind en die statutêre proses. Die begrip assessering is gedefinieer, die geskiedenis van assessering is beskryf twee tipes assessering is onderskei, die assesseringsproses is bespreek, aandag is geskenk aan verskillende assesseringsmetodes, assessering as deel van Gestaltterapie, spelterapietegnieke, die kind die kliënt, die ontwikkelingsvlak van die kind en die statutêre proses.

**Doelwit 2:**

**Om deur middel van 'n volledige literatuurstudie ten opsigte van Gestaltterapie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk te identifiseer wat kan dien as moontlike uitgangspunt vir assessering.**

'n Volledige literatuurstudie is ten opsigte van Gestaltterapie gedoen. Gestaltterapiekonsepte is geïdentifiseer wat van toepassing op assessering is. Die Schoemanmodel is geïdentifiseer as 'n werkbare Gestaltmodel wat toegepas kan word tydens assessering.

**Doelwit 3:**

**Om die leemtes in bestaande assesseringsriglyne en die behoeftes wat maatskaplike werkers het ten opsigte van assessering, met behulp van 'n vraelys aan maatskaplike werkers, 'n fokusgroep gesprek, onderhoude met rolspelers in die statutêre proses, te identifiseer.**

Sowel die kwalitatiewe as kwantitatiewe data het die leemtes uitgewys in bestaande assesseringsriglyne en die behoeftes aangetoon wat maatskaplike werkers ten opsigte van assessering het.

**Doelwit 4:**

**Om aan die hand van die data wat ingewin is tydens die navorsingsproses algemene samevattings, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak en te bespreek.**

Samevattings en gevolgtrekkings is ten opsigte van die ondersoek gedoen. Hierdie gevolgtrekkings het konkrete aanbevelings tot gevolg gehad wat in 'n voorgestelde raamwerk vir 'n riglyn vir assessering saamgevat is (Bylaag 7).

## 5.7 BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAAG

- **Watter leemtes is daar in bestaande assesseringsriglyne en watter behoeftes ondervind maatskaplike werkers ten opsigte van assessering?**
- **In watter mate bied Gestaltterapie 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir 'n assesserings-riglyn?**

Die ondersoek het duidelik getoon dat daar leemtes in bestaande assesseringsriglyne bestaan en dat maatskaplike werkers bepaalde behoeftes ten opsigte van assessering het.

- Die grootste leemte wat in assesseringsriglyne geïdentifiseer is, is die feit dat die assessering nie gewig in die hof dra nie. Dikwels word tydens assessering van aannames, afleidings en gevolgtrekkings gebruik gemaak.
- Maatskaplike werkers is nie altyd seker wat assessering is nie en ondervind 'n behoefte aan opleiding in assessering.
- Gestaltterapie bied 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering. 'n Teoretiese verwysings-raamwerk is ter sprake wanneer begrippe en konsepte teoreties, wetenskaplik verantwoord kan word. Deur middel van Gestaltterapie is dit moontlik om die assesseringsproses te gekonseptualiseer.
- 'n Voorgestelde raamwerk vir 'n assesseringsriglyn vanuit 'n Gestaltbenadering is beskryf.

## 5.8 FORMULERING VAN NAVORSINGSTELLINGS

Tydens die ondersoek is daar hoofsaaklik van 'n verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak, en word daar nou navorsingstellings vir verdere navorsing geformuleer.

- Verwagtinge en persepsies ten opsigte van assessering verskil tussen maatskaplike werkers en die regsprofessie.
- Die Schoemanmodel kan aangepas en uitgebrei word om ‘n teoretiese onderbou vir ‘n assesseringsriglyn vir die kind in die statutêre proses te bied, wat meer effektief is as reeds bestaande riglyne.
- ‘n Gebrek aan kennis ten opsigte van assessering kom nie alleen by maatskaplike werkers in diens van die SAVF voor nie, maar is ‘n landswye verskynsel.
- Maatskaplike werkers ken nie die verskil tussen, teorie, benadering, intervensiestrategie en riglyn of model nie, en weet daarom nie op watter teoretiese verwysingsraamwerk dienslewering gefundeer is nie.
- ‘n Gebrek aan gespesialiseerde supervisie aan maatskaplike werkers, wat kinders in die statutêre proses assesseer, beperk die kwaliteit van maatskaplike werk dienslewering.

## 5.9 SLOTOPMERKING

Assessering is die insameling van inligting ten opsigte van 'n spesifiek situasie. Dit is 'n dinamiese en komplekse proses en moet deeglik en vanuit verskillende invalshoeke gedoen word. Die terapeut moet oor 'n grondige teoretiese onderbou beskik sodat begrippe en konsepte binne die benadering verklaar en verstaan kan word. Dit is belangrik dat die kind se ontwikkelingsvlak sowel as proses in ag geneem word. Die terapeut moet ook kennis hê van kinders se hantering van trauma, die statutêre proses en in staat wees om tegnieke op die regte wyse toe te pas. Dit is duidelik dat daar as gevolg van 'n toename in geweld teen kinders en 'n onvermoë van die sisteem om die tendens te hanteer, 'n behoefte bestaan aan 'n toeganklike en verbruikersvriendelike assesseringsriglyn vir die statutêre proses. Daar is spesifieke leemtes in bestaande assesseringsriglyne en bepaalde behoeftes by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering geïdentifiseer. Die navorser het hierdie leemtes en behoeftes aange-spreek in die beskrywing van 'n raamwerk vir ‘n assesseringsriglyn vanuit die Gestaltbenadering (Bylaag 7). Verdere navorsing in die verband is nodig om ‘n toepaslike assesserinsriglyn gebaseer op die raamwerk te ontwikkel en te toets.